LAERSKOOL PARK

Tel.: 044-691 1020\1
E-Pos parklaerskool@gmail.com
Webblad www.parklaerskool.co.za
Prinsipaal D.F. du Toit

Kaapweg 49
Posbus 96
MOSSELBAAI

7 Junie 2021

Geagte Ouers/Voogde

2021 sal vir altyd gekenmerk word as ‘n ongekende jaar wat aan die mensdom uitdagings en eise gestel het soos nog nooit vantevore nie. Onderwysers moes nuwe maniere vind om te onderrig, om met leerders te kommunikeer, verhoudings te bou en om staande te kon bly in ‘n uiters uitdagende onderwys storm. Die emosionele impak wat die pandemie op ons ouers, leerders en opvoeders het, is geweldig groot. Soms is die gisters vol hartseer, maar die môres vol nuwe beloftes. Ons kan egter nie in die verlede leef nie en moet bou aan die toekoms. Ons moet die pad in geloof saam met God stap.

Graag bedank ons elke ouer en leerder vir die wyse waarop u in uitdagende omstandighede die jaar sover hanteer het, vir u ondersteuning en ongelooflike samewerking.

Die gewysigde direktiewe gaan die volgende meebring:

1. TERUGBRING VAN LEERDERS

Die Departement van Basiese Onderwys het bevestig dat skole vir alle leerders (graad R tot 12) op **26 Julie 2021** sal heropen in ooreenstemming met die huidige roostermodel wat deur die skool aanvaar was. **Groep 1 begin dus op Maandag, 26 Julie vir grade 2,3 5 en 6. Dit is die grade wat nog nie 100% teruggekeer het nie.**

Alle laerskoolleerders (graad R tot 7) sal vanaf **02 Augustus 2021** na die daaglikse bywonings- en tradisionele roostermodel moet terugkeer.

Sterkte vir al die uitdagings wat daar op verskillende huishoudings wag. As ons almal saamwerk, maak ons dit makliker en veiliger vir almal.

Vriendelike groete

SKOOLHOOF
DF du Toit